Tema: Vertrou God met jou lewe – Hy weet wat Hy doen.

Vooraf lofsang:

Ps. 19 – 3 : 1,3,4
Lied 184: 1,2,3,4

VOTUM en gebed om seën

SING: Ps. 146 – 1: 1, 2, 8

GELOOFSBELYDENIS: Sing Sb 12-3 : 1,2

WET - Eksodus 20

SING: Ps. 25 – 1 : 2

GEBED

SKRIFLESING: JESAJA 28: 23 – 29

PREEK

GEBED

SING: Sb 14 – 2 : 1

SEENGEBED

Afkondigings

Erasmus se videogreep

Geliefde brs. en srs

Ons het verlede Sondag uit Genesis 5 na Henog se lewe gekyk en gesien hoe hy "naby die Here geleef het". Hy het as't ware saam met die Here elke dag rondgeloop. So 'n intieme lewe met God beteken natuurlik dat jy die Here moet kan vertrou! Dat jy weet dat waar Hy jou ook al heen lei, dit vir jou die beste is, selfs al is dit donker tye! Veral as daar ook seerkrytye in jou lewe kom.

Die volk Israel was ook in 'n donker tyd en nog donkerder dinge het op hulle gewag! Jesaja vertel in ons teksverse 'n gelykenis van 'n Boer wat besig is om die grond voor te berei, die saad te saai en presies weet hoe om te oes! Hiermee verduidelik Jesaja dat God presies weet wat Hy besig is om te doen en dat Israel die Here kan vertrou.

Met 'n onseker jaar wat voor ons lê – en wat sekerlik oor seerkrydinge inhou - kom bemoedig die Here ons dat ons Hom kan vertrou met ons lewe - Hy weet wat Hy doen! Jy kan maar naby aan die Here leef en jou hand in sy hand hou - al lyk die pad hoe vol slaggate en al weet jy nie mooi waarheen dit lei nie!

Vertrou God - Hy weet presies wat Hy doen – dit is die troos en sekerheid wat die Here ons vanmore kom gee. In die woorde van ons teks: my kennis is wonderbaar en laat alles voorspoedig verloop!

Hierdie woorde staan teen die **agtergrond van ingrypende en verskriklike oordeels-prediking wat die Here deur Jesaja aan die volk bring**. Hy kondig aan dat Hy hulle verskriklik gaan straf as gevolg van hulle ongehoorsaamheid. Hierdie aankondiging moes vir die gehoorsame en toegewyde gelowiges onder die volk 'n geweldige skok gewees het. Hoe kon hulle die optrede van die Here verstaan? Om hulle te troos en te versterk bring Jesaja vir hulle hierdie perspektief.

Die volk kon wel hierdie oordeelsaankondiging en optrede van die Here op 'n manier verstaan omdat hulle geweet het dat **die Here straf hulle as gevolg van hulle volgehoue sonde.** Dit Here is dit immers baie duidelik so aan hulle gesê. Maar brs. en srs., **ons weet in die lig van die NT dat die Here ons sonde aan Christus gestraf het en daarom is God se optrede met ons nooit strafgerig nie**.

Daar kan baie ander redes wees waarom die Here die seerkry dinge in jou lewe toelaat: dit is egter nooit straf op jou sonde nie: hieraan moet ons en alle seerkrymense baie styf vashou – God straf my nie. Hou daarom op om jouself te straf!! As die Here jou op sonde wys, jou tugtig, – bely dit en bekeer jou daarvan, maar hou op om jouself te straf : God het jou vergewe!!

Die vraag bly egter staan: maar wat wil die Here dan bereik met die seerkry in my lewe? Geliefde br. en sr., die antwoord daarop is een van die moeilikste vrae in die lewe!!

En dit is nie die doel van die preek om daardie vraag te beantwoord nie. Die doel van die preek is om ons te oortuig **dat ons - ten spyte van die feit dat ons nie altyd antwoorde op ons vrae kry nie en dat ons die seerkry dinge nie verstaan nie, dat baie dinge vir**

ons nie duidelik is nie en ons nie weet wat die jaar vir ons inhou nie, nogtans die Here te vertrou en te glo dat Hy presies weet wat Hy doen – vir my en jou ten goede! Dat sy wysheid betroubaar is en jou lewe ten beste rig.

Om dit te doen gebruik Jesaja die **mooi beeldspraak** van die wysheid en optrede van ŉ boer. Die bedoeling van sy beeldspraak is om vir ons te sê: **as die Here aan ŉ boer soveel wysheid kan gee om doelgerig te werk, elke saad te hanteer na sy eie aard en te weet hoe om elke besondere saad te oes sonder om dit te vernietig, hoeveel te meer weet ons alwyse hemelse Vader nie hoe om met ons as mense te werk nie!!!**

1. En die eerste punt van vergelyking lê in vers 24. Jesaja vra ŉ retoriese vraag: Hou ŉ boer aan met ploeg as hy wil saai?? En die antwoord is natuurlik: nee!! ŉ Boer hou nie aan om te ploeg en te ploeg sonder einde nie. Dan sal hy nêrens kom nie!! Nee, hy ploeg doelgerig en daarna begin hy doelgerig saai!! Hy werk met ŉ plan!

Br. en sr, hoeveel te meer ons Hemelse Vader in sy wysheid!!! **Dit wat met jou in jou lewe gebeur vorm deel van God se doelgerigte plan met jou!** Hy hou nie maar net aan met ploeg in jou lewe nie, nee, die Here werk doelgerig na die eindpunt wat Hy vir jou beplan het. Al verstaan jy nie waarmee die Here nou besig is nie, al voel dit vir jou Hy ploeg en ploeg op hierdie stadium in jou lewe met allerlei beproewinge wat dalk een na die ander op jou pad kom, weet dan vandag: daar is hoop, want God weet wat Hy doen – Hy werk met ŉ plan. Geliefdes, gee jouself daarom gelowige oor aan God se plan. Hou maar jou hand in God se hand! Hy weet!

2. Die tweede punt van vergelyking lê in verse 25 en 26. As die boer begin saai, dan weet Hy presies wat hy met elke saad moet doen en hoe hy dit moet saai. Hy saai elke saad: die komyn, swart komyn, gars, koring en spelt elkeen op die stuk land en op die wyse wat vir die saad die beste is.

Br. en sr, as ŉ boer by God die kennis gekry het om met elke saad op die regte wyse te werk, **hoeveel te meer weet ons alwyse hemelse Vader om met elke mens op die regte manier te werk?** Die Here werk met elkeen van ons op die wyse wat vir ons die beste is. Geliefdes, moenie die wyse waarop die Here met jou werk, vergelyk met die manier waarop die Here met ŉ ander mens werk nie.

Die Here werk met elkeen na sy aard. Dit oënskynlike maklik pad wat ander mense loop is vir hulle net so swaar as wat jou pad vir jou is. Koring en komyn word verskillend hanteer. Hy weet hoe jy is en wat Hy met jou wil bereik! Hy gaan jou as komynsaad nie saai waar die koring of die spelt gesaai moet word nie. Hy gaan jou saai waar jy die beste vrug vir Hom sal lewer. Vertrou die Here, Hy weet wat Hy met jou doen!

3. Die derde punt van vergelyking lê in verse 27 en 28. Die boer oes nie elke saad op dieselfde wyse nie. Komyn en koring word nie op dieselfde wyse geoes nie. Die gerwe koring word op dorsvloer uitgegooi met ŉ wa en osse getrap totdat die koring van die kaf geskei is. Maar hierdie metode gaan nie met komyn werk nie. Komynsaadjies is klein en sit lossies aan die aar – die gerwe word liggies met ŉ stok geslaan en die saadjies val uit. So beproef die Here ook elke mens na sy eie vermoë sodat hy op die beste wyse die vrug in jou lewe kan voortbring.

Die boer gaan ook nie die koringsaad op die dorsvloer los en dit trap en trap totdat dit fyn is nie – nee want dan gaan dit verlore. **Br. en sr, hoeveel te meer sal ons alwyse Vader jou nie trap en trap totdat jy fyn is nie. Nee Hy ken sy perke – Hy handel in sy liefde met net so ver as dit vir jou nodig is.** Geliefdes, hierin is vir ons groot troos opgesluit. My Vader ken my, Hy weet wat ek kan en nie kan nie, en Hy sal my in die oesproses nie vertrap nie. Hy sal my as sy saad nie breek nie!

Net een keer het God gebreek en dit ter wille van my. Hy het sy seun op dorsvloer van die laat trap totdat Hy gebreek het, sodat daar vir ons 'n oes van genade is. Op Golgota het God sy woede oor ons sonde aan Christus gestraf – daar het Hy hom gemaal totdat Hy gebreek het. Hoekom? **Sodat Hy met ons in liefde kan handel sonder dat ons breek.** Ja, ons sal seerkry – die oesproses is altyd traumaties – die beproewinge bring pyn, maar nooit sal God toelaat dat ons bo ons kragte beproef en versoek word nie. Hy ken ons en handel met ons in liefde sonder om ons te breek.

Geliefde br. en sr, met hierdie onseker jaar wat voor ons lê en ook 'n jaar waarin daar vir ons seerkry wag, moet ons hierdie drie dinge in die geloof vashou :
1. God werk met 'n plan –daarom is daar hoop! Hou vas aan Hom.
2. Hy werk met elkeen na sy aard – vertrou Hom in die wyse waarop Hy met jou werk.
3. Hy ken in liefde my en sy perke – Hy sal my nooit breek nie - daarin is daar vir ons troos.

Ja, al verstaan ons niks, vertrou jou lewe in die hande van ons alwyse Vader – Hy weet regtig wat Hy doen. Sy wysheid laat alles in jou lewe voorspoedig loop.

Amen.